

REFORMASIE 500 (Artikel 15): CALVYN 'N VLUGTELING-SENDELING

Op ons reis terug na die Reformasie, ontmoet ons vir Calvyn op 23 Augustus 1534 in Parys. Hy stap saam met mede-Katolieke in 'n optog waarin daar vir die slagoffers van die Swart Dood gebid word.

Sy lewe sou egter binne maande 'n totale omwenteling ondergaan. Na 'n lesing van sy vriend, Nicolaas Cop, rektor van die Universiteit van Parys, oor die Salig-sprekinge, moes Calvyn ook vir sy lewe vlug. **Die ge-leerde van Parys het binne dae 'n protestantse vlug-te-ling-sendingel geword wat die evangelie in kelders en grotte verkondig het.**

Calvyn vlug na Basel, maar op pad daarheen dwing 'n militêre padblokkade hom om met 'n ompad deur Geneve te reis. Dit is daar, waar Farel, hoof van die kerk in Geneve, by Calvyn pleit om aan te bly en te help met die uitbou van die gemeente.

Die eerste vyf maande het Calvyn, sonder inkomste, geen indruk op die gemeente gemaak nie. Sy deurbraak het egter gekom tydens 'n teologiese debat waar hy groot indruk gemaak het met sy teologiese kennis. Kort daarna is hy aangestel as een van die leraars van die gemeente met die opdrag om 'n geloofsbelydenis en 'n kerkorde vir die gemeenskap op te stel.

Sy kerkorde is in Januarie 1537 deur die stadsbe-stuur aanvaar, maar is onmiddellik met groot weerstand deur die inwoners begroet. Dit was veral die artikel wat bepaal het dat al die lidmate in die openbaar belydenis van hulle geloof moes doen, wat groot reaksie ontlok het. Daar was ook hewige reaksie teen 'n dissiplinêre proses vir morele oortredings. Weerstand teen Calvyn en Farel het so toegeneem dat hulle verban is.

Hierdie gebeure lei Calvyn na **Strassburg, waar hy op uitnodiging van Martin Bucer in 1538 met 'n bedie-ning onder Franse vlugtelinge soos hyself begin het.** Oorlewering wil dit hê dat Calvyn drie gelukkige jare in Strassburg deurgebring het. Die gemeente het hom heelhartig aanvaar, hy kon verder studeer, het aan teo-logiese debatte deelgeneem en het bevriend geraak met die Duitse hervormer, Melancton.

In 1540 is Calvyn getroud met Idelette de Bure, die weduwee van Jan Stordeur, wat hom tot met haar dood in 1549 versorg het. Calvyn was nie gesond nie, en het onder andere gely aan kroniese hoofpy, long- en maag-probleme, jig, artritis en slaaploosheid. Volgens Beza was dit slegs te danke aan Idelette se versorging dat Calvyn met sy bediening kon voortgaan.

Geskryf deur Prof Johan van der Merwe (Kerkgeskiedenis-professor aan die Universiteit van Pretoria vir e-Kerkbode).

RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com.

Kontak nommer is 0721113100



JAARTEMA:
Sáám volg ons Christus

Julie 2018

KERK TOE GAAN ?KEER TERUG NA DIE BASIESE

Die TV-aanbieder en radio-omroeper Almarie du Preez gee in 'n artikel haar mening oor die verskynsel dat al minder mense kerk toe gaan. Mense het natuurlik verskillende redes waarom hulle nie meer by die kerk betrokke is nie bv. aktiewe deelname by 'n kerk vra meer tyd en energie as wat mense kans sien om af te knyp. Die lewe is te dol en voel Sondae is die enigste dag om tot verhaal te kom en gesinstyd te beleef. TV-eredienste is gerieflik en vereis geen commitment nie. Ander voel dat daar genoeg ander mense is wat meer tyd en beter gewas het om betrokke te raak. Ander het die ervaring dat indien jy gewillig is om betrokke te raak jy gou oorlaai word en uitbrand.

Ander meen dat die kerk so op lidmaatgetalle ingestel is dat dit vir hulle belangriker is as die lidmate self. Ander het dit bloot teen die beleid van die kerk in die breëre of 'n bepaalde gemeente.

Goed ons is besig en ons het baie stres. Dis waar! Maar het ons nie bietjie selfsugtig begin raak met ons tyd nie? Ons wil die kerk laat inpas in ons eie lewensomstandighede.

Wat ookal aangevoer word as redes een ding bly waar: mense hunker na intimiteit met God en met mekaar.

Miskien moet kerke stil word en hul kalenders skoonmaak van te veel aktiwiteite voor nog mense oorboord spring.

Laat ons liever mekaar beter leer ken en belê in verhoudings tussen ons. Laat ons mekaar versorg en mekaar se gewas beter leer ken en aanmoedig sodat ons



Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om

met ons gawes kan dien waar ons oral daaglik leef en beweeg asook onder andere in die gemeente.

Almarie sluit haar artikel af met hierdie treffende woorde: met God as anker en liefde as rigtingwyser kan die kerk weer word wat dit moet wees. 'n Intieme gemeenskap waar almal mekaar dien met hul gawes sodat hulle lig kan skyn vir die wêreld (Uit die boekie: Wanneer die kerk verdwaal 2017).

Liewe boetie en sussie, ons as gemeente gee om vir jou en ons wil dit graag meer en beter uitleef. Natuurlik het ons baie gebreke maar sal graag meer vir jou wil beteken en saam met jou meer vir ander wil beteken. Ons kan dit alleen regkry as ons saam Jesus volg en saam hande vat! Jou gawe en jou teenwoordigheid is wesenlik belangrik vir die gemeente én jou welsyn.

Ons is die familiekring van die Here, nie 'n besigheid of 'n klub nie. Goeie families ken mekaar se harte. Families kyk mekaar in die oë want hulle doen die lewe saam. Hulle eet graag saam, lag en huil saam. Hulle praat dinge uit en sorg dat verhoudinge goed en gesond bly. Hulle is daar vir mekaar en die Bybel is hul familieboek. In die praktyk wys ons dat God ons Vader is deur die manier hoe ons met mekaar omgaan.

Die erediens is een manier hoe ons mekaar omarm met Jesusliefde en hoe ons saam Sy naam groot maak. Kleingroepe is die ander belangrike manier hoe verhoudinge gebou word.

Jou inskakeling by diensgeleenthede of diensgroepe (bedieninge) om te help om mekaar beter te versorg is uiters belangrik. Jy kan help siekes besoek, seniors besoek, ander persone besoek by wie ons graag wil uitkom.

Kontak my gerus indien jy saam 'n verskil wil maak om hierdie familiekring te versterk.

Saam volg ons Christus

Ds Leon van Heerden

Genade stel ons nie vry om luilekker hemel toe te leef omdat al ons skuld afbetaal is nie. Genade plaas ons ook nie op vervroegde geestelike pensioen nie. Ons moet die geestelike stryd elke dag voluit stry (Stephan Joubert)


Jy kan inskakel deur 'n dagstukkiesboekie te lees wat beskikbaar gestel sal word teen 'n geringe bedraggie, eredienste by te woon vir die 6 Sondag en verkieslik ook by groep in te skakel.

Ons bid dat die Here op 'n besondere wyse deur sy Woord en Gees in ons gemeente sal werk.

Die kerkraad en leraars sien uit om jou saam met ons op reis te neem vir die 40dae.



Die 40dae-span



40dae “In Sy Voetspore”

BEGIN SONDAG 2 SEPTEMBER 2018



As gelowiges is *ons nie net passiewe toeskouers en ontvangers* van God se komende ryk van heling, hoop en vrede nie, maar roep God ons om Christus na te volg en so medeskeppers te word van God se nuwe wêreld.

Vanaf Sondag 2 September gaan ons nadink oor wat dit beteken om op hierdie Goddelike roeping te reageer. *Word elke gelowige (of Christen) deur God geroep, of is navolging van Christus net vir sommige? Waartoe roep God ons? Wat beteken dit om Christus 24/7 te volg? Waartoe roep en stuur God ons? Hoe wil God ons vorm om getroue en geloofwaardige navolgers van Christus te kan wees?*

Ons tema vir die 40 DAE is: *In Sy voetspore*. Soos gewoonlik word dieselfde tema in die eredienste en gemeentelike groepe behandel. Die uitkoms waarvoor ons bid is dat elkeen van ons opnuut sal ontdek wat dit beteken om in Sy voetspore te volg, *naamlik om saam met Jesus te leef, om Hom te volg en om Hom beter te leer ken*. Hierdie reeks wil ons jou nooi om nader te kom aan die Een wat ons Leidsman en Voorbeeld is.

Geloofsgroei vind veral plaas in omgewings waar gelowiges in groepe saam sit om na die Woord te luister en hulle insigte en ervaringe met ander te deel. As jy nie reeds deel van 'n groep is nie, en jy wil vir die 6 of 7 weke deel van een word, kan jy gerus vir Tom skakel (082 372 9803) of een van die leraars. Hulle sal jou met graagte help om vir die verloop van die reeks 'n geestelike tuiste te vind.

Ons reeks skop af op Sondag, 2 September 2018. Ons glo van harte dat die Here hierdie reeks met groot vrug sal gebruik. Probeer om ten minste die oggend- erediens elke Sondag by te woon, maak aantekeninge van die preek en deel jou insig en ervaring met ander en met jou gesin.

---- DATUMS VAN BELANG ----

- ♦ **7 Julie:** Moot Care Karwas en Mark
- ♦ **17 Julie:** Skole open
- ♦ **29 Julie:** Gemeente-tee na oggenddiens
Youthbash om 18:00
- ♦ **4 Aug:** Moot Care Karwas en Mark
- ♦ **9 Aug:** Vakansiedag (Nasionale Vrouedag)
- ♦ **10 Aug:** Skoolvakasiedag
- ♦ **24 Aug:** MootCare Funksie
- ♦ **26 Aug:** Gemeente-tee na oggenddiens
Youthbash om 18:00

Sien jou daar!

Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of bese magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.

Rom 8:38 - 39



BOOMSLOPING & SNOEI

GRATIS KWOTASIE

VERSEKERING

KONTAK ERNST by 083 656 4992

www.treecarepta.co.za

MOOT CARE FUNKSIE

TOEKA TOT POTJIE



Vrydag, 24 Augustus 2018
18:30 vir 19:00

NG Rietfontein-Suid Kerksaal
(h/v Ben Swart & 16e Laan, Rietfontein)

R100 p.p. 'n lekker ete van potjiekos en melktert ingesluit.

U eie keuse van kleredrag van Toeka tot Nou.

Gaskunstenaars: VRINNE

Albert Jordaan - Gerda van der Berg
Laurie van Niekerk - Stefan-Joss Olivier
Mareon Potgieter

Gasvrouens word versoek om kaartjies per tafel te koop by Hantie vd Berg (0761375643) by die toring Sondae na kerk.

Verdere inligting: Susan Plaisier (082 836 4709)

Willa Olivier (072 319 8292)

Hanti Spies (082 665 8535)

TRANSORANJE & TOUCH OF CLASS

"SOUND OF SILENCE" KONSERT 26 JULIE 2018

Vir die eerste keer ooit gaan die gewilde groep *TOUCH OF CLASS* saam met Transoranje Gebare Koor 'n

SOUND OF SILENCE konsert hou.

Datum: Donderdag 26 Julie 2018 om 19:00

Plek: Aula Teater, UP kampus.

Koste: R150 p.p. (kinders onder 6 jaar gratis).

Kaartjies kan bespreek word by transoranje3@gmail.com

Tel: 012-386 6072/6.

Moenie dit misloop, hierdie konsert gaan baie spesiaal wees!



MARK

ELKE EERSTE SATERDAG VAN DIE MAAND
H/V 16DE & BEN SWART

9 TOT 13:00

Stalletjies & Karwas

NAVRAE: 076 137 5643



Die doel van die karwas is om vir werklose persone geleentheid te bied om iets te verdien asook dat jy persoonlike met hulle kan kontak hê. Die mark se doel is om persone uit die gemeenskap geleentheid te bied om inkomste of ekstra -inkomste te kan verdien. Veral aanvulling van pensioene.

Die stalletjies is gratis. Almal is welkom!